



Van Varke tot Katte.

Kan 'n mens 'n vark in 'n kat verander? Nee natuurlik nie! Kom ons probeer. Jy vat die vark en bring hom huis toe. Jy sit hom in die bad, was hom en skrop hom mooi skoon. Sommer 'n bietjie lekker sjampoe ook, dan ruik hy ook sommer lekker. Nou ja daar is skoon... maar ons almal weet sodra ons hom uit die huis laat gaan, gaan hy weer in die modder rol. Wat nou gemaak? Ons sal hom maar in die huis moet hou. Verder gee ons hom katkos, en 'n kat bak, wat ons maar weer later moet wegvat, want hy (ons

klein varkie) het al die sand uitgeskop. Ons gee hom 'n katnaam en 'n halsband om sy nek en probeer hard om hom kat maniere te leer. Dit gaan maar moeilik want hy leer stadig maar uiteindelik kry ons hom darem dat hy stilsit wanneer ons TV kyk, want hy hou van TV. Die kotkos eet hy want soos julle weet 'n vark eet enigiets tot op 'n dag toe iemand die deur ooplos... Raai wat? Waar is die vark? Reguit moddergat toe saam met al sy ou pelle.

Ons vat weer die vark en was hom weer maar nou ja...

Netso belaglik soos wat hierdie storie klink is dit om 'n sondaar te probeer verander in 'n kind van God. Die probleem lê daarin dat 'n mens nie jou natuur kan verander nie. Net God kan. Dit is in die vark se natuur om alles te eet wat hy sien, en om morsig te leef. Alleen die Skepper kan ons natuur verander.

Wanneer ons in die geloof na Hom toe gaan as ons enigste hoop, gebeur daar iets bonatuurlik. Wedergeboorte! Wanneer ons hierdie nuwe natuur aanneem in die geloof gee Hy ons die mag en genade om kinders van God te word. Hierdie gawe skenk Hy uit sy genade en wanneer Hy ons roep, moet ons nie Sy roepstem ignoreer nie maar in algehele vertroue ons lewe vir Hom gee.

'n Kat aan die anderkant het 'n ander natuur as 'n vark. 'n Kat hou daarvan om skoon te wees, en wanneer hy vuil word lek hy homself skoon. 'n kat is ook kieskeurig oor wat hy eet en meng nie sommer met enige diere nie.

Netso, wanneer ons nuwe skepsels geword het in Hom, kan ons nog vuil raak en sonde doen, maar waar dit ons voorheen nooit gepla het nie, pla dit ons nou. Nou wil ons skoon wees en bly. Wanneer ons vuil word, was ons onself deur belydenis en vra die Here om ons te vergewe. Ons meng ook nie graag sommer met enige mense nie, want ons pas nie meer daarin nie.

Die Here het ons nuwe mense gemaak!

Kom nou en hoor die stem van die Here wat roep. Wil jy regtig nog voortgaan met jou vark lewe. Kom nou na Hom toe en sê ja! Gee hom jou lewe, en neem Hom aan, jou nuwe lewe in die geloof.

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo (Johannes 1:12)

